Let's Talk Facts
"Truth based on reliable information"
Christian Democratic Party: headoffice@cdp.org.za

18 July 2021

Verval in Dwaalleer

Daar word rapporteer dat kerkraadslede van die NGK gemeente in die Strand, Kaapstad, 'n brief aan die Algemene Sinode van die Kerk gerig het waarin laasgenoemde ingelig word van hulle bedoeling om al hulle finansiële bydraes te weerhou. Die betrokke raadslede verwoord die redes vir hulle besluit in n lys wat die volgende griewe bevat:

- God is n versinsel van wat mense graag wil glo en dat alles tot stand gekom het deur n proses van evolusie;
- Satan bestaan slegs as jy in hom glo en die sondeval en sy gevolglike effek op die mensdom nie iets is wat jy hoef te aanvaar nie;
- Jy hoef nie in die maagdelike geboorte van Christus en in Sy opstanding te glo nie om dat dit onwetenskaplik is;
- Dat die Bybel slegs die woorde van mense oor God is en dat dele daarvan gesien word as slegs mites – en dat dit daarom nie noodsaaklik is om in die Bybel te glo nie;
- Ten opsigte van die wete dat die huwelik deur God ingestel is as n vebintenis tussen een man en en een vrou , lê die Sinode die klem op diversiteit en haal 'n aantal tekste uit die Bybel aan oor verdraagsaamheid en aanvaarding van verskillende opinies wat volgens hulle deur die vroëe kerk geakkommodeer was;
- Dat elke person die reg het om sy geslag ooreenkomstig sy eie omstandighede te bepaal.

By die lees van die bogenoemde griewe kom 'n mens tot die gevolgtrekking hoe vêr die NGK afgewyk het van Bybelse waardes en norme. Die vraag wat 'n mens jouself afvra, is hoe dit moontlik is dat n Christelike kerk kan verval tot n dwaalleer kultus oor so n kort tyd en in staat is om 'n groot deel van sy lede en kerkleiers met hom mee te sleur. Hoe is dit moontlik om so baie mense te mislei.

Jy mag aanvoer dat ons dominee nie akkoord gaan met die Sinode en sy Bybelse standpunte nie. Wel sal hy en sy gemeente soos die Strand 'n besluit neem om hulle finansiële steun aan die Sinode te onttrek? Of sal hulle voortgaan om hierdie duidelike mistastings te ondersteun. Natuurlik staan die NGK nie alleen in hierdie beskouings nie. Ander sogenaamde historiese kerke is al op hierdie pad vir n veel langer tyd. Omdat ons hulle nie hier bespreek nie, noem ons hulle nie by name nie. Elke oordeelkundige Christen sal egter onmiddellik weet van watter kerke ons praat.

Die Pinkster en Charismatiese kerke het ook nie van die indringing of onskriftuurlike leerstellings in hulle onderskeie ordes ontsnap nie. Deur die aanvaarding van onseker gebruike en praktyke het hulle ook skriftuurlik verkeerd opgetree. Deur te beweer dat dit wat hulle leer op Bybelse gronde baseer is, trap hulle ook in die slagyster om op dié tekste te fokus wat hulle leerstellings ondersteun. Hulle het dus toegelaat dat die strominge van die modern wêreld en die wellus vir geld hulle gedagtes besoedel. Daardeur word hulle leeraars van diegene wat hoor net wat hulle wil hoor, en preek die leeraars net dit wat gerieflik is!

Geen wonder dat die Here in Lukas 18 vers 8 die volgende vraag vra: "..maar as die Seun van die Mens kom, sal Hy wel die geloof op aarde vind?"

Ons leef in ’n wêreld waarin ons Christelike beginsels hewig aangeval word deur magtige anti-christelike magte wat alles doen om tweedrag en verwarring te saai en sodoende die stem van die Kerk stil te maak. Slegs ons as die ware Kerk en lede van Sy Liggaam kan die stroom keer. Om dit te bereik, sal ons moet leer om n ware Christen te wees in hierdie donker dae van dissepsie, en sal dit vasberadenheid en vasbyt benodig om die evangelie van Jesus Christus te verdedig en te bly by die geloof soos eens geopenbaar aan Sy uitgeroeptes.

Baie mense is in die verlede deur soortgelyke uitdagings in die gesig gestaar en het dit oorleef. Dit is aan hulle wat ons groot dankbaarheid moet toon. As hulle nie daardie standpunte ingeneem het nie, en terloops dikwels hulle eie lewens op die spel geplaas het nie, sou ons vandag nie die voorreg gehad het om die Woord van God in ons eie taal te lees en die waarhede daarin te ontdek nie.

Die **Christen Demokratiese Party (CDP)** steun die stappe van die raadslede van die Gemeente van die Strand heelhartig. Die CDP moedig al diegene wat nie tevrede is met wat in hulle kerke geleer en gepredik word nie aan, om hulle stemme daarteen te laat hoor. Dit is slegs wanneer ons onbybelse leer teenstaan dat die waarheid sal seevier.

Rev Theunis Botha DD
Party Leader – Christian Democratic Party (CDP)